# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**PROEFEKSAMEN**

**AUGUSTUS 2020**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 100**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *6* bladsye.**

**INLIGTING EN INSTRUKSIES:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Teks | (30) |
| AFDELING C: | Korter teks: Naslaan-,informatiewe en Transaksionele Tekste. | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

   Afdeling A: 60 minute
   Afdeling B: 40 minute
   Afdeling C: 20 minute

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

11. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

12. Skryf netjies en leesbaar.

13. Vul jou buiteblad volledig in.

# AFDELING A: OPSTEL

## VRAAG 1:

- Kies EEN onderwerp en skryf 250 – 300 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan.
- Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.

**1.1 Daar ís hoop vir ons land, Suid-Afrika! [50]**

**1.2 My Covid-19 ondervinding. [50]**

**1.3 As die son gaan sak in my woonbuurt ... [50]**


**1.4 Die pad tot in matriek was moeilik, maar dít was die moeite werd. [50]**

**1.5 GROOT mond, GROOT moeilikheid! [50]**

**1.6** Kies EEN van die visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en jou EIE TITEL van jou opstel neer.

LET WEL: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

**1.6.1**





**[50]**

1.6.2



[50]

1.6.3



[50]

**TOTAAL AFDELING A: 50 PUNTE**

# AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

## 2.1 INFORMELE BRIEF AAN DIE PERS

**Skoolkinders word deur skole uitgesoek vir sport.**

Skryf 'n informele brief aan die "*Huisgenoot*"-tydskrif waarin jy jou kommer daaroor uitspreek.

Gebruik die volgende adres:

Die Redakteur, Huisgenoot, Posbus 1802, Kaapstad, 8 000. **[30]**

## 2.2 VERSLAG

'n Vyftienjarige meisie van jou skool het verdwyn. Jy het haar gesien toe sy vir haar vervoer huis toe gewag het. Jy het gesien dat sy met 'n persoon praat.

Jy moet 'n verslag vir die polisie oor die insident skryf. **[30]**

## 2.3 RESENSIE

'n Nuwe restaurant het in julle area oopgemaak. Jy het dit besoek. Skryf nou 'n resensie oor die kos, die kelners, die diens en die plek self. **[30]**

## 2.4 DIALOOG

Jy het so pas gehoor dat jy volgende jaar as au pair oorsee kan gaan werk.

Vertel jou beste maat van jou goeie nuus en vertel wat jy alles sal moet doen as au pair. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30 PUNTE**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.

### 3.1 PLAKKAAT

**Daar het 'n groot brand in julle omgewing uitgebreek en van die mense het hul huise en besittings verloor.**

**Die leerders van julle skool wil graag help deur mense aan te moedig om donasies van klere en kos te skenk.**

**Ontwerp 'n PLAKKAAT om dit te adverteer.** **[20]**

### 3.2 UITNODIGINGSKAARTJIE

**Jou klein boetie/sussie word nou ses wanneer hy/sy verjaar. Julle gaan 'n partytjie vir hom/haar reël. Jou ma het jou gevra om die uitnodigingskaartjie te ontwerp en mense te nooi na die partytjie toe.**

**Ontwerp die kaartjie.** **[20]**

### 3.3 INSTRUKSIES

**Jy is volgende jaar op pad universiteit toe en jou ouers is van plan om vir jou 'n motor te koop sodat jy vervoer het.**

**Hulle het egter baie duidelike instruksies aangaande die motor en jou gebruik daarvan gegee.**

**Skryf SEWE (7) INSTRUKSIES neer wat jou ouers jou aangaande die motor gee.**

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**PUNTESOMTOTAAL : 100 PUNTE**